

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/01
Reading

Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Vraag 1** moet kandidate:

- teks A met begrip lees
- die opdragte deeglik lees, en
- hulle reaksie op die vrae bondig en doeltreffend weergee.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 2** moet kandidate in staat wees om:

- kernaspekte in die twee tekste te identifiseer en te vergelyk, en
- hulle idees duidelik, bondig en akkuraat uit te druk.

Algemene kommentaar

Kandidate moet hulle inisiatief gebruik om groter blootstelling aan Afrikaans te kry. Deur boeke, tydskrifte en koerante baie gereeld te lees, kan hulle hul woordeskat uitbrei en Afrikaans idiomaties leer gebruik.

Kommentaar op spesifieke vrae

Vraag 1

- (a) Kandidate moes die verband tussen koerantjoernaliste, houtkappers en drukkers verduidelik. Diegene wat dit kon doen, het die vraag goed hanteer.
- (b) Hierdie vraag het vereis dat kandidate evalueer waarom die skrywer na die antieke Romeinse gebruike verwys het. Die drie redes moes bondig aangedui word. Wanneer kandidate gevra word om verskeie redes te gee, is dit gewoonlik sinvol om elke rede in 'n kort sin op te som.
- (c) Hierdie vraag toets deurgaans kandidate se begrip van idiomatiese of metaforiese taal. Diegene wat die gebruik van die woorde binne die konteks van die teks verstaan, vaar goed. Kandidate moet herinner word dat hulle die uitdrukkings moet omskryf soos dit in die teks gebruik word.
- (d) Kandidate moes eerstens onthou om hulle antwoord slegs op paragraaf 10 en 11 te baseer en tweedens dat die vraag uit twee dele bestaan, naamlik wat die skrywer as die oplossing vir koerante se krisis beskou en dan die rede daarvoor.
- (e) Die meeste kandidate het begryp dat hulle spesifiek na die teks moes verwys om hierdie vraag te beantwoord en het redelik tot goed gevaar. 'n Minderheid het probeer om hul eie voorbeeld van evolusie te gebruik om die vraag te beantwoord en dus nie volpunte behaal nie. Twee punte is toegeken aan die verduideliking van die voorbeeld van evolusie en twee aan hoe die teorie op die joernalistiek van toepassing is.
- (f) Die verskillende aspekte van die antwoord vir hierdie vraag was versprei deur die teks en kandidate moes holisties na die teks kyk om te bespreek hoe die skrywer die rol van joernaliste in die samelewing beskou. Hoe meer spesifiek die verwysings was, hoe beter het die kandidate gevaar. Hulle kon beslis nie idees woordeliks uit die teks neerskryf nie.

Vraag 2

Verskeie kandidate het goed in die opsomming gevaar, hoewel sommige nie verstaan het dat hulle nie 'n algemene opsomming moet skryf nie, maar die tekste moes vergelyk en kontrasteer. Kandidate wat ook duidelik na die ooreenkomste en verskille in die tekste se styl en doel verwys het, het die beste gevaar.

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Kandidate moet fokus op wat spesifiek in die opdrag genoem word.
- Stelwyses soos die volgende kan gebruik word:
 - In albei tekste ...
 - Albei tekste ...
 - In Teks A word ..., maar in Teks B ...
 - Teks A ...; Teks B, daarenteen, ...
 - Teks B ..., terwyl Teks A ...
- Kandidate moet genoeg spesifieke inligting verskaf.
- Hulle moet na genoeg sinvolle verskille en ooreenkomste verwys.
- Kandidate moet sover moontlik hul eie woorde gebruik.
- Hulle word daaraan herinner om volsinne in goed gestruktureerde paragrawe te gebruik.
- Kandidate moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/02
Writing

Algemene kommentaar

Die aantal kandidate wat oor 'n goeie woordeskat en kennis van Afrikaanse taalstrukture en -konvensies beskik, kon hulle idees gepas uitdruk. Hierdie kandidate het die onderwerpe waaroor hulle geskryf het suksesvol vertolk en kon oor die algemeen hul standpunte motiveer en plekke en karakters raak beskryf.

Dit is verblydend dat die meeste kandidate hul opstel eers beplan en hul idees probeer orden het. Die meeste opstelle het aan die lengtevereistes voldoen.

Kandidate wat goed wil vaar, kan hul kennis van die Afrikaanse grammatika, spelreëls en die gebruik van leestekens drasties verbeter deur die reëls en riglyne goed te bestudeer en dit dan toe te pas deur oefeninge te doen wat op elke spesifieke aspek fokus. Daar is goeie taalhandboeke beskikbaar waarin al hierdie aspekte in konteks bespreek en verduidelik word. In sulke handboeke word gewoonlik oefeninge verskaf om die spesifieke aspek in te skerp. Al word die taalkonstruksies nie op hul eie in die eksamen getoets nie, vorm dit 'n integrale deel van goeie taalgebruik en dus ook skryfwerk.

Daar moet aandag gegee word aan die volgende:

- Wanneer die verlede tyd in die lydende vorm gebruik word, moet die hulpwerkwoord "is" in plaas van "was" gebruik word: "Die kos is voorberei voordat ons gaan slaap het."
- Ontkennende vorm word partykeer verkeerd gebruik: "Ons het dit nog nie al gedoen nie".
- Trappe van vergelyking word nie altyd gebruik nie, bv. "meer slim", i.p.v. slimmer.
- Woordorde in sinne is dikwels verkeerd:
"Daar is kussings op die stoele *wat* "laat jou voel", i.p.v. *wat* jou laat voel.
In die boom "daar is 'n voël" i.p.v. In die boom is daar 'n voël.
- Kandidate moet daarteen gewaarsku word om nie lyste idiome doelbewus te leer het en dan in 'n opstel in te forseer nie.
- Woorde word verwar, byvoorbeeld:
"woon" en "leef": Hoe mense in die verlede "gewoon" het
Ek het bang "gekry", i.p.v. bang geword
Een van die "stellings" wat nodig is, i.p.v. die vereistes wat nodig is
Die woord "som" word gebruik i.p.v. sommige.
"lang" geboue, i.p.v. hoë geboue
- Spelfoute soos die volgende het voorgekom:
 - die gebruik van dubbelvokale i.p.v. 'n enkelvokaal in lang klanke, soos:
"kaamer" i.p.v. kamer, "boome" i.p.v. bome, "daans" en "kaans", i.p.v. dans en kans
 - die gebruik van die verkeerde vokaal in woorde:
"sissie", i.p.v. sussie; "gorduine" i.p.v. gordyne, "uitpittende" i.p.v. uitputtende
 - foutiewe gebruik van die letters f/v: "fal" en "fak" i.p.v. val en vak
 - Die letters y en ei word verkeerd gebruik, soos "vrei" i.p.v. vry, "verweider" i.p.v. verwyder
 - Spelbeginsels ten opsigte van die kappie en deelteken word nie toegepas nie, soos: "ruê" i.p.v. rûe.
 - Die meeste deeltjiewerkwoorde soos: omdraai, uitgestorm, uithaal, plaasvind, word los geskryf i.p.v. vas.
 - Ander samestellings word ook meestal los geskryf i.p.v. vas, soos:
"gras dak", i.p.v. grasdak, "dag boek inskrywing" i.p.v. dagboekinskrywing, "sjokolade roomys" i.p.v. sjokoladeroomys, "bier bottel" i.p.v. bierbottel
- Leestekenfoute kom ook voor: Die komma is meestal weggelaat tussen werkwoorde (gesegdes) in sinne waar daar 'n ruspunt in die sin voorkom. Die komma tussen die twee werkwoorde in die middel, is meestal weggelaat, soos in die volgende sin:

As mense die wenke gebruik, sal hulle sukses behaal.
Twee sinne word soms sonder enige leesteken tussenin geskryf, soos:
Hulle gesels lekker dit klink asof hulle dit geniet.

Soos met enige vaardigheid wat 'n mens suksesvol wil toepas, moet kandidate hul skryfvaardighede gereeld oefen en terugvoering kry oor hul skryfstukke nadat dit nagesien is. Aangesien hulle ook beredeneerde en argumenterende opstelle moet skryf, behoort sulke onderwerpe ook genoeg aandag te kry. Die gereelde lees van koerante en tydskrifte met berigte en artikels oor sake van aktuele belang, behoort ook te help.

Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe

Afdeling 1: Beredenerend en argumenterend

Onderwerp 1

- (a) Hierdie onderwerp was gewild omdat dit deesdae deel uitmaak van die meeste kandidate se leefwêreld. Oor die algemeen het hulle kennis van die onderwerp gehad, maar standpunte is herhaal of dieselfde standpunt is net met ander voorbeelde gemotiveer. Party opstelle het meer gefokus op wat ouers kan doen om gevare vir kinders uit te skakel.
- (b) Daar was kandidate wat duidelik kennis van jag het en self al daaraan deelgeneem het. Almal wat die onderwerp gekies het, het duidelik sterk gevoelens daarvoor gehad en hulle kon dit bevredigend oordra. Hulle het meestal genoem dat dit wreed is om weerlose diere te jag of dan, volgens hulle, te "vermoor", maar dit ook gestel dat jag in sommige gevalle geregverdig kan word, veral op boksoorte wat nie gevaar loop om uitgewis te word nie.
- (c) In die opstelle oor hierdie onderwerp is meestal sowel voordele as nadele van Geskiedenis as vak bespreek, al was dit bedoel as 'n argumenterende opstel. Kandidate wat dit aangepak het, het gewoonlik die standpunt ingeneem dat Geskiedenis 'n keusevak moet wees, want leerders wat dit teen hul sin neem, sal moontlik negatief ingestel wees teenoor die vak. Hul argumente was gewoonlik sinvol. Hulle reken ook dat as dit 'n verpligte vak is, dit dalk leerders se kans om 'n vak te neem wat hulle vir 'n toekomstige beroep bekwaam, kan benadeel omdat hulle dan dalk nie daardie vak kan neem nie.
- (d) Opstelle oor hierdie onderwerp het gewoonlik argumente bevat ten opsigte van tegnologie wat nou so gevorderd is en die lewe makliker maak, maar sommige kandidate het gereken dit maak juis die lewe minder aangenaam. Daar was ook minder relevante of vae argumente, soos "nuwe goed" wat ontwikkel word sonder om die "goed" te spesifiseer of te sê hoe die "goed" die hedendaagse lewe veraangenaam.

Afdeling 2: Beskrywend en verhalend

Onderwerp 2

- (a) Minder kandidate het hierdie eerste beskrywende opstel op die vraestel aangepak as die tweede onderwerp. Die klem moes op die mense val. Dit is 'n uitdaging om die verhalende element nie te laat oorheers in 'n beskrywende opstel nie. Omdat enkele kandidate wat die opstel gekies het se uitdrukkingsvermoë en woordeskat te kort geskiet het, kon hulle nie daarin slaag om die skryfstuk te laat slaag nie. Ander kandidate het persone wat hulle bewonder op grond van hul eie ondervindings in die lewe beskryf, bv. mense by wie se huis veiligheid en liefde ervaar word. Die inhoud van hierdie skryfstukke was dus oortuigend en gepas.
- (b) Hierdie onderwerp vereis ook 'n beskrywende opstel, in dié geval 'n spesifieke plek. Dit was die gewildste keuse in hierdie afdeling van die vraestel. Sommige van hierdie beskrywende opstelle het gehandel oor 'n interessante plek in die wêreld wat slegs een keer besoek is, soos 'n wêreldstad – nie 'n geliefkoosde plek waarheen keer op keer teruggekeer word nie.
- (c) Dit is 'n verhalende opstel wat een van die gewildste onderwerpe was. Die kandidate moes oor 'n dag in hul lewe skryf wat 'n gelukkige einde gehad het. Dit kon dus uit eie perspektief vertel word, maar die verhale was soms so onoortuigend dat dit nie geslaag het nie.

- (d) Min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die opstelle het die betekenis doeltreffend oorgedra, maar die sinne was meestal eenvoudig en woordeskat beperk.